HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

8 November 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325



Welkom by vanoggend se Familiediens!

Baie welkom by vanoggend se erediens en die laaste GVG-Sondag van 2026! Wat 'n voorreg om hierdie besondere geloofsjaar saam as geloofsfamilie af te sluit.

'n BAIE GROOT DANKIE aan Hoogland se GVG-mentors wat week ná week met soveel liefde, voorbereiding en toewyding 'n verskil in ons kinders se geloofslewe maak. Dankie aan Mirisa, Talita, Mari, Clarika, Maricke, Eileen, Wynand, Hannelie, Sulene, Jo-Anne, Eloise, Deidre, Rita en Sanet. Julle is elkeen 'n besondere seën vir Hoogland se kinders.

Kuier jy vandag by Hoogland of sluit jy as nuwe lidmaat aan?

Kom maak gerus ná die erediens kennis by die info@PEHoogland-tafel in die voorportaal – die dame daar wil jou graag ontmoet en seker maak jy voel tuis! Stuur ook gerus 'n *WhatsApp* na 079 815 9325 sodat Annalize in die kerkkantoor met jou kan kontak maak.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens met Gr 7 Roetemerker: Ds Pieter Nel
10:00 GVG groepafsluiting in hulle onderskeie lokale
10:00 Gemeentepiekniek - kry gerus jou pizza bestelling in die Saal
16:30 Buffelsfonteindiens: Student Marius Hulme

Deurkollekte: Buffelsfontein Afree-oord

Algemeen

Program vir die week:

Dinsdag: 10 November
09:30 Bybelstudie in die Voorhuis
11:00 Gebedsaksie in die Raadsaal
18:00 Bybelstudie in die Voorhuis

Woensdag: 11 November
08:45 B'fontein Bybelstudie
11:00 Hoogland sê Dankie …

Donderdag: 12 November
GLS Leierskapseminaar: Kantoor gesluit

Vrydag: 13 November
05:15 Mannebedienning

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Enige gebedsversoeke kan baie vertroulik per *WhatsApp* gestuur word na 079 815 9325.

Matrieks sterkte vir die week se vraestelle: Afrikaans V1, Besigheidstudies V1, Geografie en Lewenswetenskap.

Hoogland bid steeds saam!!



Algemeen

Tydens die Kerkraadsvergadering van Dinsdag, 27 Oktober 2026 is die volgende lidmate tot Kerkraadslede verkies:

Ouderlinge: Jacques van Niekerk, Wynand Breytenbach en Ezelle van Staden.
Diakens: Juan Kampmann, Margy Karsten en Wynand Human.
Voorsitter: Jacques van Niekerk
Ondervoorsitter: Richard Moore
As geloofsfamilie word hulle hartlik verwelkom en bid ons vir Goddelike leiding en wysheid. Mag alle besluite altyd God se wil weerspieël en mag elkeen se geloof deur liefde tot dade laat oorgaan.

Kom wees deel ...

Die Global Leadership Summit is elke jaar 'n hoogtepunt. Daar is nog n paar plekke beskikbaar @ R200.
Leiers / Besigheidseienaars julle sal nie spyt wees nie.





As jy hou van kinders, kuier en konneksie dan is GVG dalk waarna die Here jou roep tot diensbaarheid.
Bid daaroor en gesels met Leandra.

Jaarprogram 2027 : Borg 'n Bladsy …

Net R1 000 vir 12 maande se advertensiewaarde!

Wil jy jou besigheid in 2027 onder die aandag van die hele Hoogland-geloofsfamilie bring? Hoogland nooi besighede om een van die 12 maande in ons 2027 Jaarprogram te borg!

Borg 'n maand vir slegs R1 000 en jou besigheid se advertensie en kontak-besonderhede bly die hele jaar sigbaar!

Ongeveer 600 eksemplare van die Jaarprogram word gedruk en versprei – dit beteken 600 geleenthede vir jou besigheid om raakgesien te word!

HOE BESPREEK JY JOU MAAND?

- Kies jou maand - *First come, First Served!*
- Kontak Annalize by die kerkkantoor om jou maand te bespreek.
- Stuur jou logo/advertensie in hoë resolusie na annalize@pehoogland.co.za.
- Stuur jou bewys van betaling na finansies@pehoogland.co.za.

'n Groot dankie aan die besighede wat reeds aan boord is!

Kersfees - Bingo @ Hoogland

VRYDAGAAND, 20 NOVEMBER om 18:00 vir 18:30

Dis tyd vir 'n aand propvol pret, pryse, lekker lag en heerlike saamkuier by Hoogland!

Kostes: R250 per persoon – sluit 3 Bingo-kaarte, sap en heerlike peuselhappies in!

Kry jou kollegas, vriende of sommer die skoonfamilie bymekaar en bespreek 'n tafel van 8! Kies 'n prettige tema, versier julle tafel en staan 'n kans om 'n prys te wen!

Nie 'n volle tafel nie? Geen probleem! Bespreek jou eie plekkie en kom speel saam!

Kom ondersteun hierdie fondsinsameling en help om die aand 'n groot sukses te maak! Bespreek sommer NOU by Annalize in die kerkkantoor - Stuur gerus 'n WhatsApp met BINGO en Jou Naam & Van en die kantoor sal jou kontak.

By Hoogland gaan fondsinsameling immers oor soveel meer as net geld – dis ook oor saamwees, saamwerk en geloofsfamilie wees!

KERSSANGDIENS

VENSTERS

WANNEER DIE LIG INKOM

Het jy ou vensterrame

WAT JY NIE MEER GEBRUIK NIE?



Ons is besig om mooi dekor te skep vir ons **Kerssangdiens** en sal dit baie waardeer as jy **ou vensterrame** aan Hoogland kan

skenk

óf

vir ons kan leen

Ons sal dit met groot dankbaarheid gebruik om 'n spesiale atmosfeer vir ons **Kerssangdiens** te skep!

Uit die Hart...

Ons sorg dat ons kinders by die skool kom, vir toetse leer en hulle sport-verpligtinge nakom. Dit vra ons betrokkenheid. Met geloof werk dit ook so. Die kerk en GVG het 'n belangrike rol, maar wat tuis gebeur, het 'n groot invloed op ons kinders se geloof.

Navorsing deur die *Fuller Youth Institute* bevestig dit. Die fokus is Generasie Alfa: kinders wat van 2010 af gebore is. Die oudste lede word vanjaar sestien.

Onder 2 783 Amerikaanse tieners het 65% hulle ouers as 'n belangrike invloed op hulle geloof aangedui. Tussen al die stemme wat om ons kinders se aandag meeding, dra ons stem steeds gewig. Ons het rede om moed te skep én dié verantwoordelikheid ernstig op te neem.

Sondag hoor ons Josua se verklaring: "*Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien" (Josua 24:15).* Josua neem verantwoordelikheid vir sy huishouding se koers. Om die Here te dien, raak hulle hele lewe: aan wie hulle getrou is en hoe hulle leef.

Dit bring die vraag by ons voordeur: Hoe lyk dit wanneer óns huis die Here dien? Kinders sien hoe ons mense behandel, met geld werk en optree wanneer ons kwaad word. Hulle hoor wanneer ons bid, maar ook wanneer ons skuld erken en vergifnis vra. Ons optrede gee inhoud aan ons geloof.

Grootouers het hierin 'n kosbare plek. Vertel vir julle kleinkinders hoe julle die Here leer vertrou het, ook deur moeilike jare. Bid saam met hulle. Julle geloofservaring en betrokkenheid kan hulle help om met die Here te leef.

GVG en eredienste maak daarom saak. By GVG leer kinders die Bybel ken en groei hulle saam met maats en mentors. Wanneer ons saam erediens toe kom, aanbid ons saam en ontdek kinders hulle plek in die gemeente. Ons wys dat die Here en sy gemeente 'n vaste plek in ons lewe het.

Huis en gemeente dra saam hierdie verantwoordelikheid. Ons roeping, "Geloof deur liefde tot dade", neem vorm aan wanneer ons kinders saam met ons leer glo, liefhê en dien.

... Pieter